# 192 Heer U is my lewe




Ek glo in die Here, Jesus uit die Maagd,
Seun van God almagtig, mens geword soos ek.
U wat sterf uit liefde, leef nou onder ons:
Een met God die Vader en verenig met u volk,
tot die dag gekom het van u wederkoms
dan bring U ons tuis in God se ryk.

Heer, U is my krag, die Rots waarop ek bou.
Heer, U is my waarheid, die vrede van my hart.
En daar's niks wat ons kan skei, lewe of die dood,
by U is ek veilig, want U is my Lewensbrood,
van my sondes het U my, heeltemaal bevry
en in u vergifnis leef ek nou.

Vader van die lewe, in U glo ek nou,
Jesus, my Verlosser, op u hoop gebou.
Kom hier in ons midde, Liefdesgees van krag,
U wat ons uit duisend plekke na u Gees laat smag,
en op duisend paaie, stuur U ons weer uit,
om die saad te wees van God se ryk.